# Lesing 29.01.2018 - Die Twee Getuies, Moses en Elia, se moord—Lesing 1

Luk 1:5 DAAR was in die dae van Herodes, koning van JeHûWdah, 'n sekere priester met die naam van ZekarJaH, uit die afdeling van AbiJaH; en sy vrou was uit die dogters van Aäron, en haar naam was EliSheba (beteken: El se gelofte).

Luk 1:6 En hulle was altwee regverdiges voor die Aangesig van die Elohim en het in al die Gebooie en regte van JaHWeH onberispelik gewandel.

Luk 1:13 Maar die Boodskapper sê vir hom: Moenie vrees nie, ZekarJaH, want jou gebed is verhoor, en jou vrou EliSheba sal vir jou 'n seun baar, en jy moet hom JeHôWganan (beteken: JaHWeH het guns betoon) noem.

Luk 1:14 En hy sal blydskap en verheuging vir jou wees, en baie sal oor sy geboorte bly wees;

Luk 1:15 want hy sal groot wees voor die Aangesig van JaHWeH. En wyn en sterk drank sal hy nooit drink nie, en hy sal vervul word met die Gees van die Apaeid reeds van die skoot van sy moeder af.

Luk 1:16 En hy sal baie van die kinders van JisraEl bekeer tot JaHWeH hulle Elohey.

Luk 1:17 En hy sal voor Hom uit gaan in die Gees en die Krag van EliJaHûW, om die harte van die vaders terug te bring tot die kinders en die ongehoorsames tot die gesindheid van die regverdiges, om vir JaHWeH 'n toegeruste volk te berei. [Maleági 4:5,6]

Mal 4:4 Dink aan die Wet van Moshè, My kneg, wat Ek hom beveel het op Horeb vir die hele JisraEl - Insettinge en Regsprake.

Mal 4:5 Kyk, Ek stuur julle die profeet EliJaH[ûW] voordat die groot en ontsagwekkende dag van JaHWeH aanbreek.

Mal 4:6 En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die Aarde met die banvloek tref nie. [Wysheid van Sirah 48:10]

Oer-evangelie van Jakobus 22:3 Maar toe EliSheba hoor dat JeHôWganan gesoek word, het sy hom geneem en na die gebergte opgegaan en rondgekyk waar sy hom kon wegsteek, maar daar was geen skuilplek nie.

3a En EliSheba het gesteun en met luide stem gesê: Berg van Elohim, neem moeder en kind tog op! En meteens het die berg oopgegaan en haar opgeneem. En daar het **'n Lig vir hulle geskyn, want 'n Boodskapper** van JaHWeH was met hulle en het hul beskerm. *[Openbaring 12:16 ; Boekrol van die Opregte 67:55-58]*

Herodes vermoor vir ZekarJaH.

23 TOE soek Herodes vir JeHôWganan en stuur na ZekarJaH dienaars wat sê: Waar het jy jou seun versteek?

2a En Herodes was woedend en het gesê: Sy seun sal koning wees in JisraEl! En hy stuur weer na hom en sê: Praat die waarheid, waar is jou seun? Jy weet tog dat ek jou lewe in my hand het!

3 En ZekarJaH sê: Ek is 'n martelaar van Elohim as jy my bloed vergiet, want JaHWeH sal my gees ontvang omdat jy onskuldige bloed vergiet in die voorhof van die Huis van JaHWeH.

3a En teen dagbreek is ZekarJaH vermoor. Maar die kinders van JisraEl het nie geweet dat hy vermoor is nie. *[MattithJaHûW 23:35]*

2a En een van hulle het dit gewaag en na binne gegaan en hy sien gestolde bloed naas die altaar, en 'n Stem sê: ZekarJaH is vermoor, en sy bloed sal nie uitgewis word totdat sy Wreker kom nie. En toe hy dié woord hoor, het hy bevrees geword en uitgegaan en dit aan die priesters bekend gemaak.

3 En hulle het dit gewaag om binne te gaan en het gesien wat gebeur het. En die panele van die Tempel het **'n klaende geluid laat hoor**, en hulle self het [hul klere] van bo na onder geskeur.

3a En hulle het die liggaam nie gevind nie, maar hulle het sy bloed gevind wat soos klip geword het. En bevrees het hulle na buite gegaan en aan die volk vertel dat ZekarJaH vermoor is.